# DIE THE ECHO

Amptelike Advertensiemedia vir Britstown, De Aar, Hanover, Petrusville, Philipstown, Vanderkloof, ens.

Official Advertisement media for Britstown, De Aar, Hanover, Petrusville, Philipstown, Vanderkloof, etc.

Gedruk en uitgegee deur De Aar Drukkers BK, Millerstraat 12, De Aar, Telefoon (053) 631-2851

Printed and published by De Aar Printers CC, 12 Miller Street De Aar, Telephone (053) 631-2851

Prys: R5,00

Jaargang 104 — Nr. 38

VRYDAG 6 OKTOBER 2023



POLANA MEUBELS

Sealy

Hoofstraat 55, DE AAR Tel: (053) 631-2178

FIND IT, LOVE IT, BUY IT!

PREMIERBUTCHERY.CO.ZA

053 631 3132 2 ALEXANDER STREET


# Dieselprys styg tot hoogste vlak vanjaar

DIE departement van minerale hulpbronne en energie het Dinsdag in 'n verklaring gesê die vernaamste redes vir die stygings is hoër internasionale ruolieprykse, wat van $87,78/vat tot $91,86/vat gestyg het, die sluiting van raffinaderye in Amerika, internasionale dieseltekorte en die rand se verswakking teen die dollar.

Maar daar het nog 'n faktor ingeglip: die balansfondsheffing van 30c/liter wat van Oktober af ingestel word. Die balansfonds is die rekening waaruit die regering brandstofmaatskappye vergoed as dit hulle daagliks meer kos om brandstof aan te koop as wat hulle daarvoor mag vra. Met ander woorde, motoriste betaal dan in daardie maand te min vir brandstof totdat die prys weer aan die begin van die volgende maand styg.



Hawk's Serious Corruption Investigation team executed a warrant of arrest on 1 December 2022, and successfully investigated the matter resulting in a conviction.

# MUNICIPAL CASHIER CONVICTED FOR FRAUD

HANOVER – Hanover Regional Court sentenced Nomava Luwalala (44) on Thursday, 28 September. Luwalala made her first court appearance shortly after she was arrested on 1 December 2022.

The accused pleaded guilty in terms of Section 112 of Criminal Procedure Act 51 of 1977 on all 20 counts of fraud as charged.

Hawk's Serious Corruption Investigation team executed a warrant of arrest on 1 December 2022, and successfully investigated the matter resulting in a conviction.

Nomava Luwalala, worked as a cashier at the Municipality's traffic department unit, manipulated eNatis system for over a period of time covering July 2019 to December 2020, while performing her duties, she failed to report all the monies received. The Municipality suffered a loss of R120 252 as a result of her action.

Nomava was sentenced to eight years

## FAStrap en ThinkTWICE in die gemeenskap

DE AAR – Die FARR De Aar span het 'n bedrywige Septembermaand gehad. Na die suksesvolle Internasionale Fetale Alkohol Spektrum Afwyking (FASA) Dag (9 September) verrigtinge, wat ... het die kursusse vir gemeenskapslede gevolg.

As die brandstofprys in opeenvolgende maande aanhou styg, soos wat die afgelope ruk gebeur het, word die balansfonds uitgeput en moet dit weer aangevul word. Vandaar die heffing wat nou by die prys gevoeg is. Die verhoging kom op 'n tyd dat boere in die somergraangebiede gereedmaak om te plant, terwyl wintergrane binnekort gestroop word, wat boere se insetkoste duurder sal maak.

Daar is nie veel wat boere kan doen om brandstofinsetkoste in die produksieproses te verlaag nie, behalwe om doeltreffender te boer en nuwe tegnologie in te span, sê prof. Johan Willemse, landbou-ekonoom en rubriekskrywer van Landbouweekblad.

"Die nuwer geslag trekkers is baie brandstofdoeltreffender as die oues. Talle boere het hul masjinerie vervang om só geld op brandstof te bespaar. Ander doen weer geenbewerking of minimumbewerking om sodoende minder brandstof te gebruik."

Dié styging beteken 95 oktaan-petrol kos sedert Woensdag 4 Oktober) R25,68/liter in Gauteng en R24,96/liter aan die kus, terwyl die groothandelprys van diesel met 0,05% swaelinhoud in Gauteng nou R25,01/liter is, die duurste prys tot dusver in 2023.

Die groothandelprys aan die kus sal R24,30/liter wees. Paraffien en gas word ook in Oktober duurder; dit styg met onderskeidelik R2,02/liter en R2,50/kg.

Vanaf 19 tot 22 September is die FAStrap lewensvaardigheidskursus en die ThinkTWICE alkoholgeletterdheidskursus aangebied. Albei is deur 28 gemeenskapslede bygewoon. Die kursusfasiliteerder, Me Therin Strouken, vanaf die FARR Hoofkantoor in Kaapstad, het die kursus gelei. Die trotse kursusgangers het almal op die laaste dag hul sertifikate ontvang. Almal betrokke is groot dank verskuldig aan Solar Capital De Aar wat hierdie kursusse moontlik gemaak het. Sonder hierdie toegewyde befondser sou FARR (die Foundation for Alcohol Related Research) nie al soveel sukses en deurbrake in De Aar kon bereik nie.

Kontak gerus vir Me. Meryll Smit (Projekkordineërder) by 063 385 1961 of epos deaar@farrsa.org.za indien u meer oor ons projewerk of kursusse wil uitvind.



Die groep opgewonde deelnemers met hulle sertifikate.



Die groep deelnemers van die FAStrap besig met die speletjie aan die einde van die kursus.



Die groep gemeenskapslede reg vir die week se kursus.

imprisonment, wholly suspended ... years on condition that the accused is not convicted of fraud, theft or attempted theft during the period of suspension.

The accused was further directed to pay back an amount of R120 252 in instalments of R10 000 until the total amount is paid.

The Provincial Head of Directorate for Priority Crime Investigation Major General Stephen Mabuela expressed his appreciation of the work done.

"What mostly pleases me is that the municipality will recover the loss as per the court order" Concluded General Mabuela. Enquiries: Captain Tebogo Thebe at 071 481 2624.

**Prof Wollie**



*Reveals:*
*Good habits formed at youth make all the difference.* ***Aristotle***

ISSN 0011716-1
9770011716009

**KAROO GROUP**

KAROO SLAGHUIS
*Maandag tot Vrydag:*
08:00–17:30
*Saterdae:* 08:00–13:30

*KAROO EXPRESS*
*Maandag tot Saterdae:*
07:00–21:00

KONTAKNOMMER:
**(053) 631-2118**
**Opsie 1:**
Karoo Slaghuis
**Opsie 2:**
Karoo Express